## INLEIDING

*Waarom 'n beleid oor korrupsie?*

Die Grondwet verskans die basiese regte van alle mense in Suid-Afrika en dit bevestig die demokrariese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid.

Die Grondwet plaas 'n verpligting op die munisipaliteit om die regte in die Handves van Regte te eerbiedig, te beskerm, te bevorder en te verwesenlik.

Die Grondwet vereis dat die openbare administrasie deur die demokratiese waardes en beginsels wat in die Grondwet verskans is, met inbegrip van die volgende beginsels, beheers word

(*a*) bevordering en handhawing van 'n hoë standaard van beroepsetiek;

(*b*) verantwoordingspligtigheid; en

(*c*) deursigtigheid

Korrupsie en verwante korrupte aktiwiteite in die munisipale omgewing ondermyn hierdie regte, stel die stabiliteit en sekuriteit van ons samelewing in gevaar, ondermyn die demokratiese instellings en waardes, striem volhoubare ontwikkeling en die kredietwaardigheid van die munisipaliteit.

Korrupsie het ook nog die volgende tot gevolg-

- dit beïnvloed alle vlakke van die samelewing negatief en affekteer die armes in besonder;
- dit ondermyn die beginsels van demokrasie en goeie regering in plaaslike regering;

- dit ontneem die munisipaliteit en die gemeenskap van skaars hulpbronne wat nodig is om ekonomiese vooruitgang, gelykheid en 'n beter lewe vir almal te verseker; en
- is 'n hindernis vir ontwikkeling.

Die raad van die munisipaliteit is daarom togewyd om sy grondwetlike verpligtinge na te kom en verdoem dit in hierdie beleid alle vorme van kriminele en ander onreelmatige gedrag in die munisipaliteit en verbind die raad hom daartoe om alle sodanige gedrag uit te roei met al die magte tot sy beskikking.

*Doel*

Die doel van hierdie beleid is om werknemers van die munisipaliteit, raadslede en ander belanghebbendes (soos die publiek, diensverskaffers en nie-regeringsorganisasies) in te lig oor die munisipaliteit se teenkorrupsie strategie sowel as om die onderskeie rolspelers te wys op hul regte en verpligtinge in die bestryding van korrupsie en ook alle ander vorme van onreelmatige gedrag in die munisipaliteit.

*Inhoud*

Die beleid ondersoek eerstens die reg met betrekking tot korrupsie in Suid-Afrika en gee daarna 'n praktiese blik op korrupsie in die munisipale omgewing. Daarna verskaf die beleid riglyne en hou dit maatreëls voor om die misdryf te bestry. Laastens verbind die raad hom openlik tot die stryd teen korrupsie en verklaar die raad sy voorneme om daardie doel te bereik.

## DIE REGSINHOUD

## 1. Die Regsraamwerk

Die volgende wetgewing het te make met korrupsie in die munisipale omgewing en toepaslike bepalings daarvan vorm die grondslag van die beleid :

- Die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, Nr. 32 van 2000 (die 'Stelselswet')
- Die Wet op Plaaslike Regering: , Munisipale Finansiële Bestuur Nr. 56 van 2003 (die 'Finansiële Bestuurswet')
- Die Wet op die Voorkoming en Bestryding van Korrupte Bedrywighede, Nr. 12 van 2004 (die 'Korrupsiewet')
- Wet op Beskermde Bekendmakings, Nr. 26 van 2000 (die 'BB-wet')
- Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, No. 25 van 2002 (die 'Elektroniese Kommunikasiewet')

### 1.1 Die Stelselswet

Artikel 106 vereis dat indien 'n LUR rede het om te glo dat wanadministrasie, bedrog, korrupsie of enige ander ernstige wanpraktyk in 'n munisipaliteit plaasvind of plaasgevind het, moet die LUR die raad of munisipale bestuurder versoek om inligting daaroor te verstrek of die LUR kan die aangeleentheid laat ondersoek.

Die Stelselswet bevat ook 'n aantal gedragskodes met belangrike voorskrifte in verband met korrupsie en verwante korrupte aktiwiteite, nl.

- Artikel 54: Gedragskode vir Raadslede
- Artikel 69: Gedragskode vir Munisipale Personeellede
- Artikel 93L: Gedragskode vir Direkteure en Personeellede van 'n Munisipale Entiteit.

**1.2 Die Finansiële Bestuurswet**

Artikel 32 verplig die rekenpligtige beampte om by die Suid-Afrikaanse Polisiediens alle gevalle aan te meld van—

(a) onreëlmatige besteding wat 'n strafregtelike oortreding daarstel; en

(b) diefstal en bedrog wat in die munisipaliteit voorgekom het.

Artikel 67 plaas 'n verpligting op die die rekenpligtige beampte om te verseker dat 'n organisasie of liggaam buite enige regeringsfeer aan wie fondse[1] oorgedra word, effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële bestuur- en interne beheerstelsels implementeer om teen bedrog, diefstal en finansiële wanbestuur te waak.

Artikel 112 vereis dat die munisipaliteit se voorsieningskanaal-bestuursbeleid regverdig, billik, deursigtig, mededingend en koste-effektief moet wees en ten minste die volgende moet dek -

- verpligte openbaarmaking van botsing van belange wat voorgenome kontrakteurs met betrekking tot spesifieke tenders mag hê, en die uitsluiting van sodanige voorgenome kontrakteurs van daardie tenders of aanbiedinge;

- die uitsluiting van persone van deelname aan tender- of ander tipes van aanbiedingsprosesse, met inbegrip van persone wat skuldig bevind is aan bedrog of korrupsie gedurende die voorafgaande vyf jaar;

- maatreëls ter-

[1] behalwe ter voldoening aan 'n kommersiële of ander besigheidstransaksie

- bestryding van bedrog, korrupsie, begunstiging en onbillike en onreëlmatige praktyke in munisipale voorsieningskanaal-bestuur; en
- bevordering van etiese optrede deur beamptes en ander rolspelers betrokke by munisipale voorsieningskanaal-bestuur;

- die ongeldigverklaring van aanbevelings of besluite wat onwettig of onbehoorlik gemaak, geneem of beïnvloed is, met inbegrip van aanbevelings of besluite wat gemaak, geneem of op enige manier beïnvloed is deur raadslede[2] of munisipale beamptes[3]

Artikel 115 plaas 'n verpligting op die die rekenpligtige beampte om alle redelike stappe te doen om te verseker dat behoorlike meganismes en skeiding van pligte in die voorsieningskanaal-bestuurstelsel bestaan ten einde die waarskynlikheid van bedrog, korrupsie, begunstiging en onbillike en onreëlmatige praktyke te minimaliseer.

### 1.3 Die Korrupsiewet

Die wet bevat 'n verskeidenheid van maatreëls om korrupsie en korrupte bedrywighede te voorkom en bestry. Veral van belang vir plaaslike regering is daardie bepalings wat -

- voorsiening maak vir die versterking van maatreëls om korrupsie en korrupte bedrywighede te voorkom en bestry;

- voorsiening maak vir die misdryf van korrupsie en misdrywe met betrekking tot korrupte bedrywighede;

---

2 strydig met item 5 of 6 van die Gedragskode vir Raadslede
3 strydig met item 4 of 5 van die Gedragskode vir Munisipale Personeellede

- sekere persone wat ’n gesagsposisie beklee, te verplig om sekere korrupte transaksies te rapporteer;

Die wet skep ’n algemene misdryf van korrupsie en spesifieke misdrywe met betrekking tot spesifieke persone of bedrywighede; van belang vir plaaslike regering is -

- Misdrywe ten opsigte van korrupte bedrywighede met betrekking tot openbare beamptes (a. 4);
- Misdrywe ten opsigte van korrupte bedrywighede met betrekking tot lede van wetgewende gesag (a.7);
- Misdrywe van ontvangs of aanbied van ongemagtigde beloning deur of aan party by werksverhouding (a.10);
- Misdrywe ten opsigte van korrupte bedrywighede met betrekking tot kontrakte (a.12);
- Misdrywe ten opsigte van korrupte bedrywighede met betrekking tot verkryging en terugtrekking van tenders (a.13);
- Misdryf met betrekking tot verkryging van privaat belang in kontrak, ooreenkoms of belegging van openbare liggaam (a.17); en
- Opsetlike inmenging met, belemmering of dwarsboming van ondersoek van misdryf (a.19).

Ander misdrywe wat die wet skep is ewe belangrik vir plaaslike regering; dié is -

- Medepligtige by of begunstiger van misdryf (a.20); en

- Poging, sameswering en oorreding van ander persoon om misdryf te pleeg (a.21)

Die wet plaas ook 'n plig op sekere persone om korrupte bedrywighede te rapporteer.

**1.4 Die BB-wet**

Die hoofoogmerk van die wet, in soverre dit plaaslike regering aangaan, is om voorsiening te maak vir -

- prosedures ingevolge waarvan werknemers inligting in verband met onwettige of onreëlmatige optrede deur die raad of ander werknemers in die diens van die munisipaliteit bekend kan maak; en

- vir die beskerming van werknemers wat 'n bekendmaking doen oor bogenoemde onwettige of onreëlmatige optrede.

Later in die beleid word riglyne aan die hand gedoen oor hoe om in die werkplek aan hierdie oogmerke gevolg te gee.

**1.5 Die Elektroniese Kommunikasiewet**

Die oogmerk van die wet is om in die openbare belang elektroniese kommunikasie en transaksies moontlik te maak en te vergemaklik. Die wet het 'n belangrike hoofstuk wat gewy word aan kubermisdaad. In artikels 86, 87 and 88 word 'n aantal misdrywe geskep, te wete-

- ongemagtigde toegang[4] tot of onderskepping van data;

[4] "toegang" beteken ook die handelinge van 'n persoon wat, nadat hy of sy kennis geneem het van enige data, bewus word van die feit dat hy of sy nie gemagtig is om toegang tot daardie data te hê nie en nogtans voortgaan met toegang tot daardie data; sien artikel 85

- ongemagtigde inmenging met data op ’n wyse wat veroorsaak dat sodanige data verander, vernietig of andersins oneffektief gemaak word;

- die wederregtelike vervaardiging, verkoop, gebruik, verspreiding of besit van enige toestel, met inbegrip van ’n rekenaarprogram of komponent, wat primêr ontwerp is om veiligheidsmaatreëls vir die beskerming van data te oorkom of die verrigting van enige van daardie handelinge met betrekking tot ’n wagwoord, toegangskode of enige ander soortgelyke data, met die opset om sodanige item wederregtelik te gebruik;

- die gebruik van enige toestel of rekenaarprogram om wederregtelik veiligheidsmaatreëls te oorkom wat ontwerp is om sodanige data of toegang daartoe te beskerm;

- inmenging met toegang tot ’n inligtingstelsel wat neerkom op ’n ontsegging, met inbegrip van gedeeltelike ontsegging, van diens aan regmatige gebruikers;

- enige van bogenoemde handelinge verrig met die doel om enige onwettige handelsvoordeel te verkry deur te onderneem om sodanige optrede te staak of daarmee op te hou, of deur te onderneem om enige skade aangerig as gevolg van daardie handeling te herstel;

- enige van bogenoemde handelinge verrig met die doel om enige onwettige voordeel te verkry deur te veroorsaak dat vervalste data vervaardig word met die bedoeling dat dit beskou word of dat daar op gehandel word asof dit eg is; en

- hulpverlening om enige van die bogenoemde misdrywe te pleeg

## 2. WOORDOMSKRYWINGS

Woorde wat dikwels in die beleid gebruik word het die onderstaande betekenis -

**"gedragskode"**, met betrekking tot -

(a) 'n raadslid, beteken die Gedragskode in Bylae 1 uiteengesit;

(b) 'n personeellid, beteken die Gedragskode in Bylae 2 uiteengesit;

(c) 'n direkteur van 'n munisipale entiteit, beteken die Gedragskode in Bylae 3 uiteengesit; en

(d) 'n personeellid van 'n munisipale entiteit, beteken die Gedragskode in Bylae 4 uiteengesit.

**"munisipaliteit"** -

(a) wanneer daarna verwys word as 'n korporatiewe liggaam, beteken 'n munisipaliteit soos beskryf in artikel 2 van die Wet op Munisipale Stelsels; en

(b) wanneer daarna verwys word as 'n geografiese gebied, beteken 'n munisipale gebied van Beaufort Wes, afgebaken ingevolge die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Afbakening, 1998 (Wet No. 27 van 1998);

**"raad"** beteken die raad van die munisipaliteit.

## 3. OMSKRYWING VAN KORRUPSIE

Die Korrupsiewet gee ons nie 'n handboek omskrywing van die woord 'korrupsie' nie. Ons vind egter in artikel 3 van die wet 'n algemene beskrywing van die omstandighede waaronder optrede die misdryf korrupsie sou uitmaak.

> Enigiemand, wat, regstreeks of onregstreek -
>
> (a) enige beloning aanvaar of instem of aanbied om dit te aanvaar van enigiemand anders, hetsy tot sy of haar eie voordeel of tot voordeel van iemand anders; of

(b) enige beloning gee of instem of aanbied om dit te gee aan enigiemand anders, hetsy tot voordeel van daardie ander persoon of tot voordeel van iemand anders,

ten einde op te tree, persoonlik of deur beïnvloeding van iemand anders om aldus op te tree, op ’n wyse—

(i) wat neerkom op die—

(aa) onwettige, oneerlike, ongemagtigde, onvoltooide, of bevooroordeelde; of

(bb) misbruik of verkoop van inligting of materiaal verkry in die loop van die,

uitoefening, uitvoering of verrigting van enige bevoegdhede, pligte of werksaamhede voortspruitend uit ’n grondwetlike, statutêre, kontraktuele of enige ander regsverpligting;

(ii) wat neerkom op—

(aa) die misbruik van ’n gesagsposisie;

(bb) ’n vertrouensbreuk; of

(cc) die skending van ’n regsplig of ’n stel reëls;

(iii) met die doel om ’n ongeregverdigde gevolg te bereik; of

(iv) wat neerkom op enige ander ongemagtigde of onbehoorlike oorreding om enigiets te doen of nie te doen nie,

is skuldig aan die misdryf van korrupsie.

Die elemente van die misdryf word hieronder ontleed.

## 3.1 Die outeur

Die outeur van die handeling of optrede, i.e. om ’n beloning te aanvaar of te gee, kan enige persoon wees. Die spesifieke persone wat in die wet genoem word en wat met die munisipale omgewing assosieer word is -

- die ‘openbare beampte’ of te wel ’n werknemer van die munisipaliteit[5];
- ’n ‘lid van die wetgewende gesag’ of te wel ’n raadslid[6].

[5] Volgens die Korrupsiewet beteken dit enige persoon wat ’n lid, ’n beampte, ’n werknemer of ’n dienaar van ’n openbare liggaam is, maar nie ’n lid van die wetgewende gesag nie en ‘openbare liggaam’ beteken ’n munisipaliteit in die plaaslike regeringsfeer.

[6] Volgens die Korrupsiewet beteken „wetgewende gesag” die wetgewende gesag bedoel in artikel 43 van die Grondwet, nl. die munisipale raad.

Die outeur hoef nie eens persoonlik (direk) die beloning te aanvaar of gee nie. Die misdryf word gepleeg selfs al is die handeling of optrede indirek.

**3.2 Die handeling**

Die handeling is tweerlei van aard -

- *Aanvaarding*

Om 'n beloning te aanvaar of in te stem of aan te bied om beloning te aanvaar, sluit ook in [7]om-

(i) beloning te eis, vra, soek, versoek, aan te lok, te ontvang of verkry;

(ii) in te stem om beloning te eis, vra, soek, versoek, aan te lok, te ontvang of verkry; of

(iii) aan te bied om beloning te eis, vra, soek, versoek, aan te lok, te ontvang of verkry.

- *Gee*

Om 'n beloning te gee of in te stem of aan te bied om 'n beloning te gee, sluit ook in[8] om –

(i) sodanige beloning te beloof, uit te leen, te verleen, toe te ken of te verskaf;

---

7 Artikel 2(3)(a) van die Korrupsiewet.
8 Artikel 2(3)(b) van die Korrupsiewet.

(ii) in te stem om sodanige beloning te beloof, uit te leen, te verleen, toe te ken of te verskaf; of

(iii) aan te bied om sodanige beloning uit te leen, te verleen, toe te ken of te verskaf.

**3.3 Die onderwerp van die handeling: ’n beloning**

’n Beloning word aanvaar of gegee. ’n Beloning volgens die Korrupsiewet se omskrywing sluit die volgende in -

(a) geld, hetsy in kontant of andersins;

(b) ’n skenking, geskenk, lening, loon, vergoeding, geldswaardige sekerheid[9], eiendom[10] of belang in eiendom van enige aard, hetsy roerend of onroerend, of enige ander soortgelyke voordeel;

(c) die vermyding van ’n verlies, aanspreeklikheid, boete, verbeuring, straf of ander nadeel;

(d) ’n amp, status, eerbewys, werk, diens- of dienstekontrak, ’n ooreenkoms om werk te verskaf of dienste te lewer in enige hoedanigheid en woon- of vakansie akkommodasie;

(e) ’n betaling, kwytskelding, aflossing of vereffening van ’n lening, obligasie of ander aanspreeklikheid, hetsy in geheel of gedeeltelik;

---

9 Die Korrupsiewet omskryf “geldswaardige sekerheid” as enige dokument wat -
(a) ’n reg op, in of oor eiendom skep, oordra, teruggee of afgee;
(b) die betaling van geld of lewering van enige eiendom magtig; of
(c) die skepping, oordrag, teruggawe of die afgee van so ’n reg, die betaling van geld of lewering van enige eiendom of die voldoening aan enige verpligting bewys;

10 Volgens die Korrupsiewet beteken “eiendom” geld of enige ander roerende, onroerende, liggaamlike of onliggaamlike ding, hetsy in die Republiek of elders geleë en ook enige regte, voorregte, eise, effekte en enige belang daarin en alle opbrengste daarvan;

(f) ’n weerhouding om enige geld of geldwaarde of iets waardevols te eis;

(g) ’n ander diens of guns of voordeel van enige aard, met inbegrip van beskerming teen enige boete of onbevoegdheid opgeloop of gevrees of teen enige aksie of verrigtinge van dissiplinêre, siviele of strafregtelike aard, hetsy reeds ingestel of nie, en ook die uitoefening of die weerhouding van die uitoefening van ’n reg of ’n amptelike bevoegdheid of plig;

(h) ’n reg of voorreg;

(i) enige werklike of voorgewende hulp, stem, toestemming, invloed of weerhouding van stemming; of

(j) ’n geldswaardige teenprestasie of voordeel van enige aard, met inbegrip van enige diskonto, kommissie, rabat, bonus, aftrekking of persentasie;

Hierdie lys is uiteraard nie volledig nie.

### 3.4 Die voordeel van die beloning

Die aanvaarding van 'n beloning hoef ook nie net vir die voordeel van die ontvanger te wees nie. Die misdryf word gepleeg selfs al ontvang iemand anders die voordeel of deel van die voordeel.

### 3.5 Die wederkerige optrede

Die wederkerige optrede moet die wees van -

- die outeur self; of
- 'n ander persoon as gevog van die outeur se invloed.

Die aard van die wederkerige optrede mag verskil van outeur tot outeur, afhangend of die outeur 'n amptenaar of raadslid is, of na gelang die soort funksie wat verrig word, byvoorbeeld die aangaan van 'n kontrak of aankoop van goedere.

### 3.6 Die outeur van die wederkerige optrede

#### 3.6.1 Die openbare beampte[11] (Amptenaar)

Die wederkerige optrede van die amptenaar kan die volgende insluit -

(a) stemmery by enige vergadering van 'n openbare liggaam;

(b) verrigting of nie-gepaste verrigting van enige amptelike werksaamhede;

---

[11] Ingevolge die Korrupsiewet (sien die woordomskrywings) is dit 'n werknemer van die munisipaliteit en <u>nie</u> 'n raadslid nie.

(c) bespoediging, vertraging, belemmering of voorkoming van verrigting van amptelike optrede;

(d) ondersteuning, assistering of begunstiging van enige besondere persoon by die doen van enige besigheid met ’n openbare liggaam;

(e) ondersteuning of assistering by verkryging of voorkoming van die aanneming van ’n stemvoorstel of die verlening van enige kontrak of voordeel ten gunste van enigiemand met betrekking tot die doen van enige besigheid met ’n openbare liggaam;

(f) verlening van enige guns of onguns aan enigiemand by verrigting van ’n werksaamheid as ’n openbare beampte;

(g) afwending aan iemand anders, vir doeleindes waarvoor dit nie bedoel was nie, van enige staatseiendom wat so ’n beampte ontvang het weens sy of haar posisie vir doeleindes van administrasie, bewaring of vir enige ander rede; of

(h) uitoefening van onbehoorlike druk op die besluitneming deur enige persoon wat funksies binne die munisipaliteit verrig.

Die Korrupsiewet bepaal ook verder dat enige sodanige optrede ook ’n late insluit; byv. e.g. ’n versuim om te stem of om oor ’n aangeleentheid te besin waaroor sodanige amptenaar ’n diskresionere bevoegdheid het.

### 3.6.2 Lid van die wetgewende gesag[12] (Raadslid)

Die wederkerige optrede van die raadslid kan die volgende insluit -

[12] Ingevolge die Korrupsiewet (sien die woordomskrywing) is dit is ’n raadslid van die munisipaliteit.

(a) wegbly van;

(b) stem by enige vergadering van;

(c) ondersteuning of assistering by verkryging of voorkoming van die aanneming van ’n stemvoorstel in;

(d) uitoefening van enige onbehoorlike invloed by die besluitneming van enigiemand wat sy of haar werksaamhede verrig as ’n lid van; of

(e) beïnvloeding op enige wyse van, die verkiesing, aanwysing of aanstelling van enige funksionaris wat verkies, aangewys of aangestel moet word deur,

die wetgewende gesag waarvan hy of sy ’n lid is of van enige komitee of gesamentlike komitee van daardie wetgewende gesag.

Die Korrupsiewet bepaal ook dat enige sodanige optrede ook ’n late insluit; byv. e.g. ’n versuim om oor ’n aangeleentheid te stem.

**3.6.3 Amptenaar en Raadslid**

’n Raadslid of amptenaar is skuldig aan die misdryf van ontvangs of aanbied van ’n ongemagtigde beloning indien sodanige raadslid of amptenaar-

(a) ’n party is by ’n werksverhouding[13] en wat, regstreeks of onregstreeks, enige <u>ongemagtigde beloning</u> aanvaar of instem of aanbied om dit te aanvaar van enigiemand anders, hetsy tot

[13] Volgens die Korrupsiewet is “iemand wat ’n party is by ’n werksverhouding” ook iemand wat op enige wyse help om die besigheid van ’n werkgewer te dryf of bestuur.

voordeel van daardie persoon of tot voordeel van iemand anders; of

(b) regstreeks of onregstreeks, enige <u>ongemagtigde beloning</u> gee of instem of aanbied om dit te gee aan iemand wat ’n party is by ’n werksverhouding, hetsy tot voordeel van daardie party of tot voordeel van iemand anders,

ten opsigte van daardie party se optrede met betrekking tot die uitoefening, uitvoering of verrigting van daardie party se bevoegdhede, pligte of werksaamhede binne die bestek van daardie party se werksverhouding

Neem kennis dat die aanvaarding of gee van ’n gemagtigde beloning nie verbode is nie. Voorbeelde van ’n gemagtigde beloning is ‘besoldiging’ en ‘arbeid/dienste’

## 3.7 Wederkerige optrede ten opsigte van spesifieke aangeleenthede

### 3.7.1 Kontrakte

Ingevolge artikel 12 (1) van die Korrupsiewet is enige persoon skuldig aan die misdryf van korrupte bedrywighede met betrekking tot kontrakte, indien sodanige persoon regstreeks of onregstreeks-

(a) enige beloning aanvaar of instem of aanbied om dit te aanvaar van enigiemand anders, hetsy tot sy of haar eie voordeel of tot voordeel van daardie ander persoon of iemand anders; of

(b) enige beloning gee of instem of aanbied om dit te gee aan enigiemand anders, hetsy tot voordeel van daardie ander persoon of tot voordeel van iemand anders-

(i) ten einde op enige wyse-

(aa) die bevordering, uitvoering of verkryging van enige kontrak by ’n openbare liggaam, privaat organisasie, regspersoon of enige ander organisasie of instelling; of

(bb) vasstelling van die prys, teenprestasie of ander gelde in so ’n kontrak gestipuleer of andersins bepaal,

onbehoorlik te beïnvloed; of

(ii) as ’n vergoeding vir optrede soos beoog in paragraaf (a),

Ingevolge artikel 12(2) van die Korrupsiewet is enige persoon skuldig aan ’n misdryf, indien sodanige persoon, ten einde ’n kontrak by ’n openbare liggaam te verkry of behou of as ’n beding van so ’n kontrak, regstreeks of onregstreeks, enige beloning gee of instem of aanbied om dit te gee aan enigiemand anders, hetsy tot voordeel van daardie ander persoon of tot voordeel van iemand anders-

(a) met die doel om die verkiesing van ’n kandidaat of ’n kategorie of party kandidate tot die wetgewende gesag op enige wyse te bevorder; of

(b) met die opset om die uitslag van ’n verkiesing, gehou vir die doel van verkiesing van persone om as lede te dien van die wetgewende gesag, op enige wyse te beïnvloed of raak.

**3.7.2 Verkryging en terugtrekking van tenders**

Ingevolge artikel 13 (1) van die Korrupsiewet is enige persoon skuldig aan die misdryf van korrupte bedrywighede met betrekking tot verkryging en terugtrekking van tenders, indien sodanige persoon regstreeks of onregstreeks enige beloning aanvaar of instem of aanbied om dit te aanvaar van enigiemand anders, hetsy tot sy of haar eie voordeel of tot voordeel van iemand anders, as-

(a) oorreding om, persoonlik of deur beïnvloeding van iemand anders om aldus op te tree-

(i) ’n tender, met betrekking tot ’n kontrak vir verrigting van enige werk, lewering van enige diens, verskaffing van enige artikel, materiaal of stof of verrigting van enige ander optrede, aan ’n besondere persoon toeken; of

(ii) op uitnodiging om vir so ’n kontrak te tender, ’n tender vir daardie kontrak doen wat as doel het om die aanbesteder ’n besondere tender te laat aanvaar; of

(iii) ’n tender wat deur hom of haar vir so ’n kontrak gedoen is, terugtrek; of

(b) vergoeding vir optrede soos in paragraaf (a) (i), (ii) of (iii) beoog,

Ingevolge artikel 13 (2) van die Korrupsiewet is enige persoon skuldig aan die misdryf van korrupte bedrywighede met betrekking tot verkryging en terugtrekking van tenders,

(a) enige beloning gee of instem of aanbied om dit te gee aan enigiemand anders, hetsy tot voordeel van daardie ander persoon of tot voordeel van iemand anders, as-

(i) oorreding om, persoonlik of deur beïnvloeding van iemand anders om aldus op te tree, 'n tender, met betrekking tot 'n kontrak vir verrigting van enige werk, lewering van enige diens, verskaffing van enige artikel, materiaal of stof of verrigting van enige ander optrede, aan 'n besondere persoon toe te ken; of

(ii) vergoeding vir optrede soos in subparagraaf (i) beoog; of

(b) met die opset om 'n tender te verkry met betrekking tot 'n kontrak vir verrigting van enige werk, lewering van enige diens, verskaffing van enige artikel, materiaal of stof of verrigting van enige ander optrede, enige beloning gee of instem of aanbied om dit te gee aan enigiemand wat 'n tender met betrekking tot daardie kontrak gedoen het, hetsy tot voordeel van daardie tenderaar of tot voordeel van enigiemand anders, as—

(i) oorreding om die tender terug te trek; of

(ii) vergoeding vir die terugtrekking van of omdat die tender teruggetrek is,

**3.8 Die optrede en wederkerige optrede moet verband hou met korrupte aktiwiteite**

Die optrede en wederkerige optrede moet neerkom op–

- onwettige, oneerlike, ongemagtigde, onvoltooide, of bevooroordeelde uitoefening, uitvoering of verrigting van enige bevoegdhede, pligte of werksaamhede voortspruitend uit 'n grondwetlike, statutêre, kontraktuele of enige ander regsverpligting;

- misbruik of verkoop van inligting of materiaal verkry in die loop van die, uitoefening, uitvoering of verrigting van enige bevoegdhede, pligte of

werksaamhede voortspruitend uit ’n grondwetlike, statutêre, kontraktuele of enige ander regsverpligting;

- die misbruik van ’n gesagsposisie;
- ’n vertrouensbreuk;
- die skending van ’n regsplig of ’n stel reëls
- ’n doel om ’n ongeregverdigde gevolg te bereik
- ’n ongemagtigde of onbehoorlike oorreding om enigiets te doen of nie te doen nie

## 4. SAMESWERING EN OORREDING TOT KORRUPSIE

Ingevolge artikel 21 van die Korrupsiewet is enigiemand wat-

(a) poog;

(b) met enigiemand anders saamsweer; of

(c) iemand anders help, steun, oorreed, aanhits, aanstig, opdrag gee, beveel, adviseer of verkry,

om ’n misdryf ingevolge die wet te pleeg, is skuldig aan ’n misdryf.

Artikel 88 van die Elektroniese Kommunikasiewet maak hulpverlening aan enigeen om ‘n misdryf ingevolge daardie wet te pleeg ook ‘n misdryf.

## 5. Verpligting om korrupte transaksies te rapporteer

Ingevolge artikel 34 van die Korrupsiewet is enigiemand wat 'n gesagsposisie beklee en wat weet of redelikerwys behoort te geweet of vermoed het dat enigiemand anders 'n misdryf van korrupsie of die misdryf diefstal, bedrog, afpersing, vervalsing of uitgifte van 'n vervalste dokument, waarby 'n bedrag van R100 000 of meer betrokke is, gepleeg het, moet sodanige kennis of vermoede aan enige polisiebeampte rapporteer of dit laat rapporteer.

Dit is 'n misdryf om te versuim om aan die regsplig te voldoen.

Die Gedragskode (Personeel)[14] plaas ook 'n verpligting op amptenare. Die besondere bepaling lees so-

> **13. Verslagdoeningsplig van personeellede**.
> Wanneer 'n personeellid ook al redelike gronde het om te glo dat daar 'n skending van hierdie Kode was, moet die personeellid onverwyld die aangeleentheid aan 'n meerdere beampte of aan die speaker van die raad rapporteer.



14 Item 13

## 6. VERSKYNINGSVORME VAN KORRUPSIE

Hieronder is n lys van die vorms waarin korrupsie in die munisipale omgewing verskyn; die lys is nie noodwendig volledig of alles omvattend nie. Korrupsie verskyn dan natuurlik ook in verskeie kombinasies en grade van felheid, bv. -

- Omkopery
- Verduistering
- Bedrog
- Afpersing
- Magsmisbruik
- Botsing van belange
- Misbruik van geprivilgeerde inligting
- Begunstiging
- Nepotisme

### 6.1 Omkopery

Omkopery behels die maak van ’n belofte, die aanbied of gee van ’n voordeel wat die handeling of besluite van ’n openbare dienaar op ’n onbehoorlike wyse affekteer of beinvloed. Hierdie voordeel mag die publieke dienaar of enige ander persoon of entiteit toeval.

Voorbeeld: ’n Raadslid word n voordeel aangebied, beloof of gegee indien hy of sy op ’n besondere wyse oor ’n aangeleentheid voor die raad sou stem: ’n Verkeersbeampte aanvaar ’n kontantbedrag sodat hy of sy nie ’n ‘spoedkaartjie’ kry nie.

### 6.2 Verduistering

Dit behels die steel van hulpmiddelle deur persone aan wie die gesag en beheer van sodanige hulpmiddelle toevertrou is.

Voorbeeld: ’n Personeellid steel medisyne en verkoop dit aan privaatapteke; ’n munisipale voertuig word gebruik vir privaat besigheid.

**6.3 Bedrog**

Dit sluit die handelinge of gedrag in van ’n openbare dienaar of ander persoon of entiteit wat andere bedrieg om ’n voordeel te gee wat daardie openbare dienaar of ander persoon of entiteit niei in die normaalweg sou toeval nie.

Voorbeeld: ’n Personeellid registreer ’n fiktiewe werknemer met die doel om die salaris van daardie fiktiewe werknemer te ontvang.

**6.4 Afpersing**

Afpersing behels die dwang wat op ’n persoon of entiteit geplaas word om ’n voordeel vir ’n openbare dienaar, ander persoon of entiteit te gee in ruil vir ’n handeling of optrede (of versuim om te handel of op te tree) op ’n besondere wyse.

Voorbeeld: ’n Gesondheidsinspekteur dreig om ’n restourant te sluit op grond van versinde oortredings van gesondheidsregulasies tensy die eienaar die inspekteur gereeld van etes voorsien.

**6.5 Magsmisbruik**

Dit behels die gebruik van magte wat aan ’n openbare dienaar verleen is om op ’n onbehoorlike wyse ’n ander openbare dienaar, persoon of entiteit te bevoordeel of teen sodanige ander openbare dienaar, persoon of entiteit te diskrimineer.

Voorbeeld: Tydens n tenderproses, maar voor die keuring van ’n suksesvolle tenderaar, spreek die departementshoof die wens uit dat die tender aan ’n spesifieke persoon toegeken word.

**6.6 Botsing van belange**

Botsing van belange kom ter sprake wanneer ’n openbare dienaar, wat ’n belang by ’n saak het of wat in ’n verhouding staan met ’n ander persoon of entiteit wat ’n belang in saak het, ten opsigte van sodanige saak handel of versuim om te handel

Voorbeeld: ’n Openbare dienaar oorweeg tenders vir ’n kontrak en ken dit toe aan ’n maatskappy waarvan sy of haar eggenoot n direkteur is.

Die Korrupsiewet bevat ’n afsonderlike bepaling oor die misdryf met betrekking tot verkryging van privaat belang in kontrak, ooreenkoms of belegging van openbare liggaam; dit bepaal[15]-

(1) Enige openbare beampte wat, behoudens subartikel (2), ’n privaat belang verkry of hou in enige kontrak, ooreenkoms of belegging voortspruitend uit of verbonde met die openbare liggaam waar hy of sy in diens is of wat vir rekening van daardie openbare liggaam gesluit word, is skuldig aan ’n misdryf.

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing nie op-

- (a) ’n openbare beampte wat so ’n belang as ’n aandeelhouer van ’n genoteerde maatskappy verkry of hou;
- (b) ’n openbare beampte wie se diensvoorwaardes hom of haar nie verbied om so ’n belang te verkry of hou nie; of
- (c) in die geval van ’n tenderproses, ’n openbare beampte wat ’n kontrak, ooreenkoms of belegging deur ’n tenderproses verkry en wie se diensvoorwaardes hom of haar nie verbied om so ’n belang te verkry of hou nie en wat so ’n belang deur ’n onafhanklike tenderproses verkry of hou.

---

15 Artikel 17

Ten opsigte van subartikel (2)(c), moet ook kennis geneem word van die bepalings van die Gedragskode (Personeel) in hierdie verband. Dit vereis[16] dat, behalwe met die vooraf toestemming van die raad, mag 'n personeellid nie-

(a) 'n party wees by 'n kontrak vir-

(i) die verskaffing van goedere of dienste aan die munisipaliteit; of

(ii) die verrigting van enige werk vir die munisipaliteit buiten as 'n personeellid nie;

(b) 'n finansiële belang in enige sake-onderneming van die munisipaliteit verkry nie.

### 6.7 Misbruik van geprivilgeerde inligting

Misbruik van geprivilgeerde inligting behels die gebruik van geprivilgeerde inligting en kennis waaroor 'n openbare dienaar uit hoofde van sy of haar amp beskik met die doel om 'n ander persoon of entiteit 'n onbillike voordeel te laat toekom of sodat hy of sy die voordeel kan ontvang.

Voorbeeld: 'n Amptenaar beskik, uit hoofde van sy of haar amp, oor kennis van woonbuurte wat hersoneer gaan word as besigheidsgebiede en maak dit bekend aan vriende en familie sodat hulle die eiendomme kan koop en later weer teen aansienlike wins kan verkoop.

### 6.8 Begunstiging

Begunstiging behels die voorsiening van dienste of goedere volgens die openbare dienaar se persoonlike affiliasies, bv. Etnies of godsdienstig.

---

16 Item 4(2)

Voorbeeld: ’n Streeksbestuurder in ’n provinsie verseker dat tenders vir die verskaffing van voedsel slegs aan persone van sy etniese groep toegeken word.

### 6.9 Nepotisme

Nepotisme kom ter sprake wanneer ’n openbare dienaar dit bewerkstellig dat sy of haar familie lede aangestel word in poste in die openbare sektor of dat hulle kontrakte vir dienslewering kry.

Voorbeeld: ’n Amptenaar met die nodige bevoegdheid stel sy of haar suster se kind aan in ’n betrekkking terwyl daar ander en meer geskikte kandidate vir die pos aansoek gedoen het.

## 7. Verskyningsvorme van bedrog en korrupsie

Die onderstaande aanwysers (gevaarligte) kan dui op die moontlike bestaan van korrupsie.

*Aanwysers dat individue ontvanklik mag wees om korrupsie te pleeg*

- ongewone hoë persoonlike skuld;
- ’n hoë leefstyl
- oormatige dobbelgewoontes
- alkohol / dwelmprobleme
- onbehoorlike druk van gesinslede en kenisse om te presteer
- ’n gevoel van onderbesoldiging
- ’n gevoel van onvoldoende erkenning vir werksprestasie
- ’n intieme verhouding met verskaffers
- ’n geneigdheid om te konkel
- ’n begeerte om die stelsel te uitoorlê
- ’n kriminele rekord
- neem nie vakansie nie
- laat niemand toe binne sy/haar gesagsgebied nie

- ’n botsing van belange nie openbaar nie
- rasionalisering van botsende gedragspatrone

*Aanwysers dat ’n departement van die munisipaliteit die teiken mag wees vir bedrieërs*

- ’n departement ondervind ’n tekort aan bevoegde personeel;
- ’n departement pas nie verantwoordelikheids- en gesagslyne streng toe nie;
- ’n departement pas nie voorgeskrewe prosedures vir magtiging van transaksies streng toe nie;
- ’n departement beskik oor onvoldoende dokumentasie en rekords;
- daar is geen verdeling van verantwoordelikhede tussen die verskillende besigheidsfasette nie;
- onvoldoende openbaring van persoonlike beleggings en ander bronne van inkomste;
- krisisbestuur;
- te veel vertroue in sleutelpersoneel;
- gebrek aan disiplinêre optrede teen oortreders van munisipale beleid; and
- gebrekkige agtergrond- en karrakternavrae voordat nuwe personeel aangestel word.

*Aanwysers van geleenthede om bedrog te pleeg*

- vinnige wisseling van sleutelpersoneel as gevolg van bedankings en ontslagte.
- oneerlike en dominerende bestuur;
- onvoldoende opleidingsprogramme;
- ingewikkelde besigheidstukture;
- gebrek aan effektiewe ouditering;
- voortdurende probleme met moniteringsgesag; en

- buitengewone rekenkundige transaksies en groot transaksies teen die einde van die finansiële jaar.

## MAATREëLS OM KORRUPSIE TE BEKAMP

### 8. ONDERSOEKE

Enige aanduiding van korrupsie, diefstal, wanadministrasie of ander oneerlike bedrywighede van 'n soortgelyke aard sal ondersoek word en opgevolg word met alle beskikbare middelle en binne die volle konteks van die reg.

'n Ondersoek mag daartoe lei dat 'n verdagte se persoon of woning deursoek word, dog onderworpe daaraan dat so 'n ondersoek gedoen word in streng navolging van toepaslike wetgewing (bv. die Strafproseswet), met inagneming van basiese menseregte soos verskans in die grondwet, vir redes wat in die openbare belang is en ooreenkomstig 'n hofbevel.

'n Ondersoek mag meebring dat 'n verdagte se kantoortoerusting, rekenaar, laaie, lêers of kabinette in die werkplek deursoek word. So 'n ondersoek mag egter net plaasvind in die volgende omstandighede -

- wanneer daar redelike gronde is om te vermoed dat so 'n ondersoek bewyse sal oplewer dat die werknemer skuldig is aan korrupsie, diefstal, wanadministrasie of enige ander oneerlike handeling van 'n soortgelyke aard;

- indien die deursoeking nodig is vir 'n nie-ondersoek maar wel werkverwante doel (bv. wanneer 'n werknemer onverwags nie beskikbaar is nie en inligting dringend van sy rekenaar verkry moet word);

- wanneer die maatreëls wat toegepas word redelik is in verhouding met die oogmerke van die deursoeking en dit in die lig van die aard van die oortreding nie 'n oormatige inbreuk is nie. Deursoeking moet met ander woorde slegs gerig wees op die beweerde oortreding in die werkverband;

- indien sorg aan die dag gelê is dat daar nie ’n aantasting van enigeen se grondwetlike reg op privaatheid of menswaardigheid is nie.

’n Ondersoek moet ook gerig word op die skade of geldelike verlies wat die munisipaliteit mag ly en moet aandui of dissiplinêre stappe of siviele of kriminele aksie ingestel moet word teen die persoon wat beskuldig word van korrupsie, diefstal, wanadministrasie of enige ander oneerlike handeling van ‘n soortgelyke aard.

Waar nodig sal een of meer van die volgende maatreëls ingestel word -

- Dissiplinere optrede;
- Kriminele aksie;
- Siviele aksie.

## 9. BEHEERMAATREËLS

Toepaslike voorkomings en opsporingsmaatreëls sal toegepas word. Dit sluit in beheer- en verifiëringsmeganismes soos vervat in bestaande beleidstukke, prosedures en ander verbandhoudende voorskrifte en interne beheerstelsels.

Die munisipale bestuurder moet so gou doenlik ’n aksieplan daarstel vir die doel om voorvalle van korrupsie, diefstal, wanadministrasie of enige ander oneerlike handeling van ‘n soortgelyke aard vroegtydig op te spoor en te voorkom.

## 10. PLIG OM OM INSIDENTE VAN KORRUPSIE, DIEFSTAL, WANADMINISTRASIE ENS. AAN TE MELD

Dit is die plig van elke raadslid en amptenaar van die munisipaliteit om insidente van korrupsie, diefstal, wanadministrasie of ander oneerlike bedrywighede van ‘n soortgelyke aard aan die munisipale bestuurder of sy of haar toesighouer te rapporteer. Indien die raadslid ongemaklik is oor rapportering aan die munisipale bestuurder kan so ’n raadslid die saak by die burgemeester aanmeld. Indien die

amptenaar ongemaklik is oor rapportering aan sy of haar toesighouer kan so ’n amptenaar die saak by die toesighouer se senior aanmeld of dan selfs by die hoof van die interne ouditafdeling of die munisipale bestuurder self. Raadslede of amptenare mag ook insidente op die munisipaliteit se noodlyn rapporteer, indien hulle sou verlang om naamloos te bly.

Alle bestuurders is verantwoordelik vir die opsporing, voorkoming en ondersoek van korrupsie, diefstal, wanadministrasie of ander oneerlike bedrywighede van ’n soortgelyke aard in hul onderskeie gebiede van verantwoordelikheid.

## 11. Verhaal van skade of verliese

Die munisipale bestuurder moet die nodige regstappe neem om verliese of skade te verhaal wat voortspruit uit korrupsie, diefstal, wanadministrasie of ander oneerlike bedrywighede.

Wanneer die beweer word dat ’n amptenaar korrupsie, diefstal of wanadministrasie gepleeg het, moet die amptenaar se toesighouer binne redelike tyd dissiplinêre stappe ingevolge die dissiplinêre kode teen so ‘n amptenaar instel.

## 12. Beskerming van verklikkers

### 12.1 Wat is verklik?

In die munisipale omgewing verwys ‘verklik’ na die proses waardeer raadslede, amptenare of ander persone ernstige wanpraktyke in die munisipaliteit kan uitwys. Dit verseker ’n vroeë bespeuring sodat ondersoek ingestel en remediërende stappe ingestel kan word voordat te veel skade aangerig is.

Voor Februarie 2000 het Suid Afrika geen wetgewing oor verklikking gehad nie. Die BB-wet bied nou versekering aan werknemers, wat werklik bekommerd oor wanpraktyke is, dat daar ’n veilige alternatief vir stilswye is, nl. beskerming teen viktimisasie van daardie werknemers wat praat oor dit wat verkeerd gaan.

Werknemers wat viktimiseer of onderwerp word aan beroepsnadeel omdat hulle verklik het, het nou ’n regsremedie teen hul werkgewer.

### 12.2 Die BB-wet

Die BB-wet maak voorsiening vir die beskerming van werknemers wat ’n bekendmaking doen wat ingevolge hierdie Wet beskerm word.

’n Bekendmaking in munisipale verband en met betrekking tot korrupsie word beskou[17] as enige bekendmaking van inligting rakende enige optrede van ’n werkgewer, of ’n werknemer van daardie werkgewer, wat gedoen word deur ’n werknemer wat rede het om te glo dat die betrokke inligting een of meer van die volgende aantoon:

- dat ’n misdaad gepleeg is, gepleeg word of waarskynlik gepleeg gaan word;
- dat ’n persoon versuim het, besig is om te versuim of waarskynlik gaan versuim om aan ’n regsplig, waaraan daardie persoon onderhewig is, te voldoen;
- dat ’n onreg in die regspleging plaasgevind het, plaasvind of waarskynlik gaan plaasvind;
- dat enige aangeleentheid bedoel in paragrawe (a) tot ( f ) opsetlik verberg is, verberg word of waarskynlik verberg gaan word;

’n Bekendmaking wat in goeie trou gedoen word en wat wesenlik in ooreenstemming is met ’n prosedure wat voorgeskryf is, of wat deur die werknemer se werkgewer gemagtig is vir doeleindes van die aanmelding, word geag ’n beskermde bekendmaking ingevolge die BB-wet te wees. ’n Werknemer wat ’n beskermde bekendmaking doen word beskerm teen viktimisasie op die basis van die bekendmaking. Artikel 3 bepaal die volgende-

---

17 Sien die definisie in die wet

Geen werknemer mag deur sy of haar werkgewer aan 'n beroepsnadeel onderwerp word op grond daarvan, of gedeeltelik op grond daarvan, dat hy of sy 'n beskermde bekendmaking gedoen het nie.

Beroepsnadeel weer beteken[18]-

(a) om aan dissiplinêre stappe onderwerp te word;
(b) om ontslaan, geskors, gedegradeer, geteister of geïntimideer te word;
(c) om teen sy of haar wil verplaas te word;
(d) om verplasing of bevordering geweier te word;
(e) om aan 'n beding of voorwaarde van diens of aftrede onderwerp te word wat tot sy of haar nadeel verander, of onveranderd gehou, word;
(f) om 'n getuigskrif geweier te word, of van 'n nadelige getuigskrif voorsien te word, deur sy of haar werkgewer;
(g) om aanstelling in 'n werk, professie of amp geweier te word;
(h) om met enige optrede bedoel in paragrawe (a) tot (g) hierbo gedreig te word; of
(i) om andersins nadelig geraak te word met betrekking tot sy of haar diens, professie of amp, met inbegrip van werkgeleenthede en werksekerheid;

'n Werknemer kan 'n bekendmaking maak aan 'n regsadviseur, die raad as werkgewer, die nasionale of provinsiale minister belas met plaaslike regering, die Openbare Beskermer of die Ouditeur-generaal[19].

'n Werknemer wat oneerlike bedrywighede vermoed of rapporteer of wat vermeende oneerlike bedrywighede wat hy/sy waarneem rapporteer, moet die geleentheid gegun word om anoniem te bly indien so verkies.

---

18 Sien die definisie in die wet
19 Sien artikels 5,6,7 en 8

Bestuurders moet werknemers ontmoedig om bewerings te maak wat vals is of wat met kwade bedoelings gedoen word. Indien sulke vals of kwade bewerings bekend word, moet die persoon wat sodanige bewerings maak dissiplinêr aangekla word. Die BB-wet beskerm nie vals bekendmakings nie.

## ONDERNEMING OM KORRUPSIE TE BEVEG EN VERKLARING VAN VOORNEME

Die raad van die munisipaliteit doen ‘n beroep op alle raadslede, personeellede en die gemeenskap om saam te staan in die stryd teen korrupsie in die munisipaliteit en nooi almal uit om die volgende verklaring van voorneme te onderskryf-

- Om leierskap in alle sektore van ons gemeenskap, wat verbind is tot die daarstelling van ‘n kultuur van integriteit en die herstel van vertroue in die stryd teen korrupsie, te bevorder

- Om ‘n verhoogde kultuur van deursigtigheid en verantwoordbaarheid in die munisipaliteit te bevorder;

- Om bekendmakings en rapportering aan te moedig en om maatreëls te versterk wat ten doel het om diegene van viktimisering te beskerm wat korrupte en onetiese insidente bekendmaak;

- Om etiese opleiding- en bewusmakingsprogramme in die munisipaliteit te ondersteun en te bevorder.

- Om die waardes en norme van die verskillende gedragskodes te onderskryf en af te dwing.

- Om samewerking met en ko-ordinasie van die verskillende instansies verantwoordelik vir die stryd teen korrupsie te bevorder, te ondersteun en te versterk.

- Om die daarstelling van ‘n databank vir doeleindes van ‘n swartlys en die ontwikkeling van meganismes vir die uitruil van inligting oor korrupsie tussen die publieke en privaatsektore, te bevorder.

- Om die kapasiteit vir die implementering van teenkorrupsiemaatreëls in die munisipaliteit te versterk.

- Om wetstoepassingsagentskappe by te staan om bates, wat deur korrupte metodes bekom is, te identifiseer en terug te vind.

- Om al die toesigstrukture in die munisipaliteit te versterk.

- Om die sake en burgerlike gemeenskap aan te moedig om korrupte en onetiese praktyke in die munisipaliteit te onthul.

Bylae 1

## GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE

**Aanhef**

Raadslede word verkies om plaaslike gemeenskappe op munisipale rade te verteenwoordig, om te verseker dat munisipaliteite gestruktureerde meganismes van verantwoording aan plaaslike gemeenskappe het, en te voldoen aan die prioriteits behoeftes van gemeenskappe deur dienste op ’n billike, doeltreffende en volhoudbare wyse binne die vermoë van die munisipaliteit te lewer. In die volvoering van dié rol moet raadslede verantwoordbaar wees aan plaaslike gemeenskappe en ten minste kwartaalliks verslag doen aan kiesafdelings rakende raadsaangeleenthede, insluitende die prestasie van die munisipaliteit ooreenkomstig die ingestelde aanwysers. Ten einde te verseker dat raadslede hul verpligtinge teenoor hul gemeenskappe verwesenlik, en die bereiking deur die munisipaliteit van sy doelwitte te ondersteun soos uiteengesit in artikel 19 van die Munisipale Strukture Wet, word die volgende gedragskode daargestel.

**1. Woordomskrywing**.

In hierdie Bylae beteken „genoot” ’n persoon wat permanent met ’n ander persoon saamwoon op ’n wyse asof hulle getroud is.

**2. Algemene gedrag van raadslede**.

’n Raadslid moet—

(a) sy ampsfunksies in goeie trou, eerlik en op ’n deursigtige wyse verrig; en

(b) te alle tye in die beste belang van die munisipaliteit optree en op so ’n wyse dat die geloofwaardigheid en integriteit van die munisipaliteit nie gekompromitteer word nie.

**3. Bywoning van vergaderings**.

’n Raadslid moet elke vergadering van die munisipale raad en van ’n komitee waarvan daardie raadslid ’n lid is, bywoon, behalwe wanneer—

(a) verlof tot afwesigheid toegestaan is ingevolge ’n toepaslike wet of soos bepaal deur die reëls en orders van die raad; of

(b) van daardie raadslid ingevolge hierdie Kode verlang word om te onttrek van die vergadering.

**4. Sanksies vir nie-bywoning van vergaderings**.

(1) ’n Munisipale raad kan ’n raadslid ’n boete oplê soos deur die staande reëls en orders van die munisipale raad bepaal vir—

(a) die nie-bywoning van ’n vergadering wat daardie raadslid veronderstel is om by te woon ingevolge item 3; of

(b) die versuim om teenwoordig te bly by sodanige vergadering.

(2) ’n Raadslid wat afwesig is van drie of meer agtereenvolgende vergaderings van ’n munisipale raad, of van drie of meer agtereenvolgende vergaderings van ’n komitee, wat daardie raadslid veronderstel is om by te woon ingevolge item 3, moet uit sy amp as raadslid ontslaan word.

(3) Stappe vir die oplegging van ’n boete of die ontslag van ’n raadslid moet aangevoer word ooreenkomstig die eenvormige staande prosedure wat elke munisipale raad vir doeleindes van hierdie item moet aanneem. Die eenvormige staande prosedure moet voldoen aan die reëls van natuurlike geregtigheid.

**5. Openbaarmaking van belange**.

(1) ’n Raadslid moet—

(a) aan die munisipale raad, of aan ’n komitee waarvan daardie raadslid ’n lid is, enige direkte of indirekte persoonlike of privaat besigheidsbelang openbaar wat daardie raadslid of ’n gade, genoot

of sakegenoot van daardie raadslid mag hê in enige aangeleentheid voor die raad of die komitee; en

(b) onttrek van die verrigtinge van die raad of komitee wanneer daardie aangeleentheid deur die raad of komitee oorweeg word, tensy die raad of komitee besluit dat die raadslid se direkte of indirekte belang in die aangeleentheid onbeduidend of irrelevant is.

(2) ’n Raadslid wat, of wie se gade, genoot, sakegenoot of nabye familielid, enige regstreekse voordeel uit ’n kontrak wat met die munisipaliteit aangegaan is, verkry of gaan verkry, moet volle besonderhede van die voordeel waarvan die raadslid bewus is by die eerste vergadering van die munisipale raad openbaar waar dit vir die raadslid moontlik is om sodanige openbaarmaking te doen.

(3) Hierdie artikel is nie van toepassing op ’n belang of voordeel wat ’n raadslid, of ’n gade, genoot, sakegenoot of nabye familielid gemeenskaplik met ander inwoners van die munisipaliteit het of verkry nie.

**6. Persoonlike gewin**.

(1) ’n Raadslid mag nie die posisie of voorregte van ’n raadslid, of vertroulike inligting wat as ’n raadslid verkry word, vir persoonlike gewin of om ’n ander persoon onbehoorlik te bevoordeel, gebruik nie.

(2) Behalwe met die vooraf toestemming van die munisipale raad mag ’n raadslid nie—

(a) ’n party by of bevoordeelde kragtens ’n kontrak wees vir—

(i) die verskaffing van goedere of dienste aan die munisipaliteit; of

(ii) die verrigting van enige werk buiten as raadslid van die munisipaliteit nie;

(b) ’n finansiële belang in enige sake-onderneming van die munisipaliteit verkry nie; of

(c) vir ’n fooi of ander oorweging ten behoewe van enige ander persoon voor die raad of ’n komitee verskyn nie.

(3) Indien meer as een kwart van die raadslede beswaar maak teen die verlening van goedkeuring aan ’n raadslid ingevolge subitem (2), mag sodanige goedkeuring slegs aan die raadslid gegee word met die goedkeuring van die LUR vir plaaslike regering in die provinsie.

**7. Verklaring van belange**.

(1) Wanneer verkies of aangestel, moet ’n raadslid binne 60 dae skriftelik aan die munisipale bestuurder die volgende finansiële belange verklaar wat deur daardie raadslid gebou word:

- (a) aandele en sekuriteite in ’n maatskappy;
- (b) lidmaatskap van ’n beslote korporasie;
- (c) belange in ’n trust;
- (d) direkteurskappe;
- (e) vennootskappe;
- (f) ander finansiële belange in enige besigheidsonderneming;
- (g) indiensneming en vergoeding;
- (h) belang in eiendom;
- (i) pensioen; en
- (j) subsidies, toekennings en borgskappe deur enige organisasie.

(2) ’n Verandering in die aard of besonderhede van die finansiële belange van ’n raadslid moet jaarliks skriftelik aan die munisipale bestuurder verklaar word.

(3) Geskenke wat deur ’n raadslid bo die voorgeskrewe bedrag ontvang word, moet ook ooreenkomstig subitem (1) verklaar word.

(4) Die munisipale raad moet bepaal welke van die finansiële belange bedoel in subitem (1) openbaar gemaak moet word met inagneming van die behoefte aan vertroulikheid en die openbare belang vir openbaarmaking.

**8. Voltydse raadslede**.

’n Raadslid wat ’n voltydse raadslid is mag nie enige ander betaalde werk onderneem nie behalwe met die toestemming van die munisipale raad wie se toestemming nie onredelik weerhou sal word nie.

**9. Belonings, geskenke en gunste**.

’n Raadslid mag geen beloning, geskenk of guns versoek, werf of aanneem nie vir—

(a) die stemming of nie-stemming op ’n bepaalde wyse rakende enige aangeleentheid voor die munisipale raad of voor ’n komitee waarvan daardie raadslid ’n lid is;

(b) die oorreding van die raad of ’n komitee met betrekking tot die uitoefening van ’n bevoegdheid, funksie of plig;

(c) die maak van ’n voorlegging aan die raad of ’n komitee van die raad; of

(d) die openbaarmaking van geprivilegieerde of vertroulike inligting.

**10. Ongemagtigde openbaarmaking van inligting**.

(1) ’n Raadslid mag nie sonder verlof van die munisipale raad of ’n komitee enige geprivilegieerde of vertroulike inligting van die raad of komitee aan ongemagtigde persoon openbaar maak nie.

(2) Vir doeleindes van hierdie item sluit „geprivilegieerde of vertroulike inligting” enige inligting in—

(a) wat deur die munisipale raad of komitee as geprivilegieerd of vertroulik bepaal word;

(b) wat in ’n geslote sitting deur die raad of komitee bespreek is;

(c) waarvan die openbaarmaking ’n persoon se reg op privaatheid sou skend; of

(d) wat ingevolge wet as geprivilegieerd, vertroulik of geheim verklaar is.

(3) Hierdie item doen nie afbreuk aan ’n persoon se reg tot toegang tot inligting ingevolge nasionale wetgewing nie.

**11. Inmenging in administrasie**.

’n Raadslid mag nie, behalwe soos by wet bepaal—

(a) inmeng in die bestuur of administrasie van ’n departement van die munisipale raad nie, tensy deur die raad daartoe gemagtig;

(b) ’n opdrag aan ’n werknemer van die raad gee, of voorgee om te gee nie, behalwe wanneer gemagtig om dit te doen;

(c) die implementering van ’n besluit van die raad of ’n komitee deur ’n werknemer van die raad verhinder of probeer verhinder nie; of

(d) enige optrede wat wanadministrasie in die raad sal veroorsaak of daartoe bydra, aanmoedig of aan deelneem nie.

**12. Raadseiendom**.

’n Raadslid mag geen eiendom of bate wat deur die munisipaliteit besit, beheer of bestuur word en waarop daardie raadslid geen reg het nie, gebruik, neem, bekom of voordeel daaruit trek nie.

**12A. Raadslid agterstallig**.

’n Raadslid mag nie vir ’n tydperk van langer as 3 maande teenoor die munisipaliteit agterstallig wees met eiendomsbelasting en dienstegelde nie.

**13. Plig van voorsitters van munisipale rade**.

(1) Indien die voorsitter van ’n munisipale raad op ’n redelike vermoede van mening is dat ’n bepaling van hierdie Kode oortree is, moet die voorsitter —

(a) ’n ondersoek gelas na die feite en omstandighede van die beweerde oortreding;

(b) die raadslid ’n redelike geleentheid bied om skriftelik op die beweerde oortreding te antwoord; en

(c) die aangeleentheid by ’n vergadering van die munisipale raad rapporteer, nadat aan paragrawe (a) en (b) voldoen is.

(2) ’n Verslag ingevolge subitem (1) (c) is vir die publiek ter insae.

(3) Die voorsitter moet die uitslag van die ondersoek aan die LUR vir plaaslike regering in die betrokke provinsie rapporteer.

(4) Die voorsitter moet toesien dat elke raadslid by ampsaanvaarding ’n afskrif van die Kode ontvang en dat ’n afskrif van die Kode beskikbaar is in elke kamer of plek waar die raad vergader.

**14. Skending van Kode**.

(1) ’n Munisipale raad kan—

(a) enige beweerde oortreding van ’n bepaling van hierdie Kode ondersoek en ’n bevinding daaroor maak; of

(b) ’n spesiale komitee instel—

(i) om ondersoek te doen en ’n bevinding te maak oor enige beweerde oortreding van die Kode; en

(ii) om toepaslike aanbevelings aan die raad te maak.

(2) Indien die raad of ’n spesiale komitee bevind dat ’n raadslid ’n bepaling van hierdie Kode oortree het, kan die raad—

(a) ’n formele waarskuwing aan die raadslid uitreik;

(b) die raadslid teregwys;

(c) die LUR vir plaaslike regering in die provinsie versoek om die raadslid vir ’n tydperk te skors;

(d) die raadslid beboet; en

(e) die LUR versoek om die raadslid uit sy amp te ontslaan.

(3) (a) ’n Raadslid wat gewaarsku, tereggewys of beboet is ingevolge paragraaf (a), (b) of (d) van subitem (2), kan binne 14 dae nadat by van die besluit van die raad in kennis gestel is, skriftelik na die LUR vir plaaslike regering appelleer met ’n uiteensetting van die redes waarop die appel gebaseer is.

(b) ’n Afskrif van die appel moet aan die raad verskaf word.

(c) Die raad kan binne 14 dae na ontvangs van die appèl bedoel in paragraaf (b) enige skriftelike vertoë rakende die appel aan die LUR vir plaaslike regering rig.

(d) Die LUR vir plaaslike regering kan, nadat die appel oorweeg is, die besluit van die raad bevestig, ter syde stel, of wysig, en dan die raadslid en die raad van die uitslag van die appel verwittig.

(4) Die LUR vir plaaslike regering kan ’n persoon of ’n komitee aanstel om enige beweerde oortreding van ’n bepaling van hierdie Kode te ondersoek en om ’n aanbeveling te maak of die raadslid geskors of uit sy amp onthef moet word.

(5) Die Kommissiewet, 1947 (Wet No. 8 van 1947), of, waar gepas, toepaslike provinsiale wetgewing, kan op ’n ondersoek ingevolge subitem (4) toegepas word.

(6) Indien die LUR van mening is dat die raadslid ’n bepaling van hierdie Kode oortree het, en dat sodanige oortreding ’n skorsing of ontslag uit sy amp regverdig, kan die LUR—

(a) die raadslid skors vir ’n tydperk en op die voorwaardes wat deur die LUR bepaal word; of

(b) die raadslid uit sy amp ontslaan.

(7) Enige ondersoek ingevolge hierdie item moet ooreenkomstig die reëls van natuurlike geregtigheid geskied.

**15. Toepassing van Kode op tradisionele leiers**.

(1) Items 1, 2, 5, 6, 9 (b) tot (d), 10, 11, 12, 13 en 14 (1) is van toepassing op ’n tradisionele leier wat deelneem of deelgeneem het aan die verrigtinge van ’n munisipale raad ingevolge artikel 81 van die Munisipale Strukture Wet.

(2) Hierdie items moet toegepas word op ’n tradisionele leier op dieselfde wyse as wat dit op ’n raadslid van toepassing is.

(3) Indien ’n munisipale raad of ’n spesiale komitee ingevolge item 14 (1) bevind dat ’n tradisionele leier ’n bepaling van hierdie Kode oortree het, kan die raad—

(a) ’n formele waarskuwing aan die tradisionele leier uitreik; of

(b) die LUR vir plaaslike regering in die provinsie versoek om die tradisionele leier se reg om aan die verrigtinge van die raad deel te neem, op te skort of te kanselleer.

(4) Die LUR vir plaaslike regering kan ’n persoon of ’n komitee aanstel om die beweerde oortreding van ’n bepaling van die Kode te ondersoek en aanbevelings te maak of die reg van die tradisionele leier om deel te neem aan die verrigtinge van die munisipale raad opgeskort of gekanselleer behoort te word.

(5) Die Kommissiewet, 1947, kan op ’n ondersoek ingevolge subitem (4) toegepas word.

(6) Indien die LUR van mening is dat die tradisionele leier ’n bepaling van hierdie Kode oortree het, en dat sodanige oortreding ’n skorsing of kansellering van die tradisionele leier se reg om aan die verrigtinge van die raad deel te neem, regverdig, kan die LUR—

(a) daardie reg opskort vir ’n tydperk en op die voorwaardes deur die LUR bepaal; of

(b) daardie reg kanselleer.

(7) ’n Ondersoek ingevolge hierdie item moet ooreenkomstig die reëls van natuurlike geregtigheid geskied.

(8) Die skorsing of kansellering van ’n tradisionele leier se reg om aan die verrigtinge van ’n raad deel te neem, beïnvloed nie daardie tradisionele leier se reg om die raad ingevolge artikel 81 (3) van die Munisipale Strukture Wet toe te spreek nie.

Bylae 2

## GEDRAGSKODE VIR MUNISIPALE PERSONEELLEDE

**1. Omskrywings**.

In hierdie Bylae beteken „genoot” ’n persoon wat permanent met ’n ander persoon saamwoon op ’n wyse asof hulle getroud is.

**2. Algemene gedrag**.

’n Personeellid van ’n munisipaliteit moet te alle tye—

(a) die wettige beleidsrigtings van die munisipale raad getrou uitvoer;

(b) die ampsfunksies te goeder trou, noulettend, eerlik en op ’n deursigtige wyse verrig;

(c) op so ’n wyse optree dat die gees, bedoeling en oogmerke van artikel 50 bevorder word;

(d) in die beste belang van die munisipaliteit optree en op so ’n wyse dat die geloofwaardigheid en integriteit van die munisipaliteit nie gekompromitteer word nie; en

(e) onpartydig optree en alle mense, insluitende ander personeellede, gelykwaardig en sonder begunstiging of vooroordeel behandel.

**3. Verbintenis tot dien van openbare belang**.

’n Personeellid van ’n munisipaliteit is ’n openbare beampte in ’n ontwikkelings georiënteerde plaaslike stelsel, en moet dienooreenkomstig—

(a) die bepalings van artikel 50 (2) implementeer;

(b) ’n kultuur van verbintenis tot diens aan die publiek en ’n kollektiewe sin van verantwoordelikheid vir prestasie ingevolge standaarde en doelwitte kweek;

(c) die basiese waardes en beginsels van openbare administrasie wat in artikel 195 (1) van die Grondwet beskryf word, bevorder en daarna streef om dit toe te pas;

(d) afskrifte van of inligting oor die munisipaliteit se geïntegreerde ontwikkelingsplan verkry, en sover moontlik binne die omvang van die personeellid se posbeskrywing, daarna streef om die oogmerke wat in die geïntegreerde ontwikkelingsplan uiteengesit word, te implementeer, en die prestasiedoelwitte wat vir elke prestasie-aanwyser gestel word, te behaal;

(e) deelneem aan die prestasiebestuurstelsel vir die munisipaliteit as geheel, sowel as die personeellid se individuele prestasie-evaluering- en beloningstelsel, indien dit bestaan, ten einde die vermoë van die munisipaliteit as geheel om sy oogmerke te behaal en die lewensgehalte van sy inwoners te verbeter, te optimaliseer.

**4. Persoonlike gewin**.

(1) ’n Personeellid van ’n munisipaliteit mag nie—

(a) die posisie of voorregte van ’n personeellid, of vertroulike inligting wat as ’n personeellid verkry word, vir persoonlike gewin of om ’n ander persoon onbehoorlik te bevoordeel, gebruik nie; of

(b) namens die munisipaliteit ’n besluit neem oor ’n aangeleentheid waarby daardie personeellid, of daardie personeellid se gade, genoot of sakegenoot, ’n regstreekse of onregstreekse persoonlike of private sakebelang het nie.

(2) Behalwe met die vooraf toestemming van die raad van ’n munisipaliteit, mag ’n personeellid van die munisipaliteit nie—

(a) ’n party wees by ’n kontrak vir—

(i) die verskaffing van goedere of dienste aan die munisipaliteit; of

(ii) die verrigting van enige werk vir die munisipaliteit buiten as ’n personeellid nie;

(b) ’n finansiële belang in enige sake-onderneming van die munisipaliteit verkry nie; of

(c) betrokke wees in enige sake-onderneming, bedryf of beroep buiten die werk van die munisipaliteit nie.

**5. Openbaarmaking van voordele**.

(1) ’n Personeellid van ’n munisipaliteit wat, of wie se gade, genoot, sakegenoot of nabye familielid, enige regstreekse voordeel uit ’n kontrak wat met die munisipaliteit aangegaan is, verkry het of gaan verkry, moet skriftelik volle besonderhede van die voordeel aan die raad openbaar maak.

(2) Hierdie item is nie van toepassing op ’n voordeel wat ’n personeellid, of ’n gade, genoot, sakegenoot of nabye familielid, gemeenskaplik met ander inwoners van die munisipaliteit het of verkry nie.

**6. Ongemagtigde openbaarmaking van inligting**.

(1) ’n Personeellid van ’n munisipaliteit mag nie sonder verlof enige geprivilegieerde of vertroulike inligting wat as personeellid van die munisipaliteit verkry is, aan ’n ongemagtigde persoon openbaar maak nie.

(2) Vir doeleindes van hierdie item sluit „geprivilegieerde of vertroulike inligting”, enige inligting in—

(a) wat deur die munisipale raad of enige struktuur of funksionaris van die munisipaliteit as geprivilegieerd of vertroulik bepaal word;

(b) wat in ’n geslote sitting deur die raad of ’n komitee van die raad bespreek is;

(c) waarvan die openbaarmaking ’n persoon se reg op privaatheid sou skend; of

(d) wat ingevolge enige wet as geprivilegieerd, vertroulik of geheim verklaar is.

(3) Hierdie item doen nie afbreuk aan ’n persoon se reg tot toegang tot inligting ingevolge nasionale wetgewing nie.

**7. Onbehoorlike beïnvloeding**.

’n Personeellid van ’n munisipaliteit mag nie—

(a) die raad van die munisipaliteit, of ’n struktuur of funksionaris van die raad, of ’n raadslid beïnvloed of probeer beïnvloed met die oog op die verkryging van enige aanstelling, bevordering, voorreg, gewin of voordeel nie, of vir ’n gesinslid, vriend of sakegenoot nie;

(b) die raad, of ’n struktuur of funksionaris van die raad mislei of probeer mislei nie in sy oorweging van enige aangeleentheid; of

(c) betrokke wees by ’n sake-onderneming met ’n raadslid sonder die vooraf geskrewe toestemming van die raad van die munisipaliteit nie.

**8. Belonings, geskenke en gunste**.

(1) ’n Personeellid van ’n munisipaliteit mag geen beloning, geskenk of guns versoek, werf of aanneem nie vir—

(a) die oorreding van die raad van die munisipaliteit, of enige struktuur of funksionaris van die raad, met betrekking tot die uitoefening van enige bevoegdheid of die verrigting van enige plig;

(b) die maak van ’n voorlegging aan die raad, of enige struktuur of funksionaris van die raad;

(c) die openbaarmaking van enige geprivilegieerde of vertroulike inligting; of

(d) die doen of nalaat van enigiets binne daardie personeellid se bevoegdhede of pligte.

(2) ’n Personeellid moet onverwyld enige aanbod aan ’n meerdere amptenaar of aan die speaker van die raad rapporteer wat, indien deur die personeellid aanvaar, ’n skending van subitem (1) sou uitmaak.

**9. Raadseiendom**.

’n Personeellid van ’n munisipaliteit mag geen eiendom of bate wat deur die munisipaliteit besit, beheer of bestuur word en waarop daardie personeellid geen reg het nie, gebruik, neem, bekom, of voordeel daaruit trek nie.

**10. Betaling van agterstallige bedrae**.

’n Personeellid van ’n munisipaliteit mag nie vir ’n tydperk van langer as 3 maande agterstallig wees met eiendomsbelasting en dienstegelde nie, en ’n munisipaliteit kan na dié tydperk enige uitstaande bedrae van ’n personeellid se salaris aftrek.

**11. Deelname aan verkiesings**.

’n Personeellid van ’n munisipaliteit mag nie aan ’n verkiesing van die raad van die munisipaliteit deelneem nie, buiten in ’n amptelike hoedanigheid of ooreenkomstig ’n grondwetlike reg.

**12. Seksuele teistering**.

’n Personeellid van ’n munisipaliteit mag nie enige optrede onderneem nie wat op seksuele teistering neerkom.

**13. Verslagdoeningsplig van personeellede**.

Wanneer ’n personeellid ook al redelike gronde het om te glo dat daar ’n skending van hierdie Kode was, moet die personeellid onverwyld die aangeleentheid aan ’n meerdere beampte of aan die speaker van die raad rapporteer.

**14 Skending van Kode**.—

Skendings van hierdie Kode moet mee gehandel word ingevolge die dissiplinêre prosedures van die munisipaliteit beoog in artikel 67 (1) (h) van hierdie Wet.

**14A. Dissiplinêre stappe**.

(1) ’n Oortreding van hierdie Kode is ’n grondslag vir ontslag of ander dissiplinêre stappe teen ’n personeellid wat aan sodanige oortreding skuldig bevind is.

(2) Sodanige ander dissiplinêre stappe kan insluit—

- (a) skorsing sonder betaling vir nie langer as drie maande nie;
- (b) rangverlaging;
- (c) oorplasing na ’n ander pos;
- (d) vermindering van salaris, toelaes of ander voordele; of
- (e) ’n gepaste boete.

Bylae 3

## GEDRAGSKODE VIR DIREKTEURE VAN MUNISIPALE ENTITEITE

Ingevolge artikel 93L(1) van die Stelselswet is die Gedragskode vir Raadslede wat in Bylae 1 vervat is, is met die nodige veranderinge op direkteure van 'n munisipale entiteit van toepassing.

By die toepassing van item 14 van Bylae 1 op direkteure van 'n munisipale entiteit, moet daardie item geag word soos volg te bepaal:

**14. Skending van Kode.**

(1) Die direksie van 'n munisipale entiteit kan -

- (a) enige beweerde oortreding van 'n bepaling van hierdie Kode deur 'n direkteur ondersoek en 'n bevinding daaroor maak; of
- (b) 'n spesiale komitee instel—
  - (i) om ondersoek te doen en 'n bevinding te maak oor enige beweerde oortreding van 'n bepaling van hierdie Kode deur 'n direkteur; of
  - (ii) om toepaslike aanbevelings aan die direksie te maak.

(2) Indien die direksie of spesiale komitee bevind dat 'n direkteur 'n bepaling van hierdie Kode oortree het, kan die direksie -

- (a) 'n formele waarskuwing aan die direkteur uitreik;
- (b) die direkteur teregwys;
- (c) die direkteur beboet; of
- (d) 'n aanbeveling aan die moeder munisipaliteit maak dat die direkteur ingevolge artikel 93G verwyder of herroep word.

(3) Die direksie van 'n munisipale entiteit moet 'n moeder munisipaliteit van daardie entiteit inlig oor enige stappe wat teen 'n direkteur ingevolge subartikel (2) gedoen is.

Enige verwysing in Bylae 1 na 'n „raadslid", „LUR vir plaaslike regering in die provinsie", „munisipale raad", „munisipaliteit", en „reëls en orders", tensy onbestaanbaar met die konteks of andersins duidelik onvanpas, uitgelê word as

’n verwysing na onderskeidelik ’n direkteur van ’n munisipale entiteit, moeder munisipaliteit, direksie, munisipale entiteit en prosedure reëls.

Bylae 4

## GEDRAGSKODE VIR PERSONEELLEDE VAN MUNISIPALE ENTITEITE

Ingevolge artikel 93L(2) van die Stelselswet is die Gedragskode vir Personeellede wat in Bylae 2 vervat is, is met die nodige veranderinge op direkteure van ’n munisipale entiteit van toepassing.

Enige verwysing in Bylae 2 na ’n „raadslid”, „LUR vir plaaslike regering in die provinsie”, „munisipale raad”, „munisipaliteit”, en „reëls en orders”, tensy onbestaanbaar met die konteks of andersins duidelik onvanpas, uitgelê word as ’n verwysing na onderskeidelik ’n direkteur van ’n munisipale entiteit, moeder munisipaliteit, direksie, munisipale entiteit en prosedure reëls.